Wat kan jy verwag? *Deur: Florien de Winnaar.*

Bed en ontbyt (B&B's)

Wat kan jy verwag?

'n B & B is gewoonlik iemand se huis, die eienaar of bestuurder woon dan ook meestal op die perseel. Soos die naam aandui, kry jy ook ontbyt by jou blyplek. Badkamers kan en suite of privaat wees of jy kan geriewe met gaste deel. Jy moet bereid wees om die leefgedeeltes van die huis met inwoners te deel.

Is dit geskik?

'n Bed & ontbytplek is ideal as jy op soek is na die gerief en veiligheid van 'n huis. Dis reg vir 'n vinnige oorslaap, bv. as jy na 'n troue toe gaan. B & B's is taamlik bekostigbaar en gerieflik.

Wat vra jy?

Vind uit of die badkamer privaat of en suite is en of dit gedeel word. Vra ook of jou eie handdoeke moet saambring en of enige etes bedien word.

Gastehuise

Wat kan jy verwag?

Hierdie is 'n huis wat of opgeknap of spesiaal vir die doel gebou is. Dit sal eksklusiewe gedeeltes hê vir gaste, soos 'n leefkamer, balkon, eetgedeelte en buite-areas soos 'n tuin of swembad. Die gastehuis bedien gewoonlik net ontbyt, maar by party kan jy ook aandete kry. Verwag 'n private of en suite-badkamer en handdoeke. Al woon die eienaar of bestuurder dalk ook op die perseel, bied 'n gastehuis meer privaatheid in 'n tuisomgewing as 'n B & B.

Is dit geskik?

'n Gastehuis is perfek vir 'n kort verblyf of as jy tuisgeriewe in 'n private en luukse omgewing soek. Onthou net, gastehuise kan verskillende grade van formeel wees – maak dus bv seker dis kindervriendelik indien dit een van jou vereistes is.

Wat vra jy?

Die meeste gastehuise verskaf koffie- en teemaakfasiliteite plus toiletware. Tog sal dit die moeite loon om vas te stel of hulle ook verversingsfasiliteite het (party gastehuise het selfs 'n minikroeg). Vermaak soos TV of radio of telefoonfasiliteite word dalk nie verskaf nie – maak dus seker.

Boetiekhotel

Wat kan jy verwag?

Die term is geskep vir 'n hotel wat 'n diens lewer vir gaste wat op soek is na 'n unieke ervaring. 'n Mens kry basies twee soorte: Een is die stadsboetiekhotel met spesiale

ultramoderne dekor en meubels. Verwag net die beste wat die tegnologie kan bied – dinge soos plasmaskerm en omringklankstelsels, maar ook kunswerke van hoë gehalte en ander klein dingetjies. Die ander sort boetiekhotel is een wat jou die kans bied om te ontsnap in 'n salige of fantasie-omgewing soos 'n kasteel of herehuis waar daar dalk glad nie televisie is nie – net borrelbaddens, kersligbaddens en Egiptiese katoenlakens. Die klem val hier op die eiesoortige ervaring.

Is dit geskik?

Boetiekhotels is ideal vir diegene wat hou van styl, luukses en iets heeltemal anders. Perfek vir 'n pamperlang-bederf of romantiese wegbreek.

Wat vra jy?

Hoor of etes en kamerdiens verskaf word. In die meese boetieks is elke kamer anders – dit kan dalk heel prettig wees om te vra om al die kamers te sien (op die webwerf of brosjure) sodat jy een kan kies waarvan jy die meeste hou.

Plaaslodges

Wat kan jy verwag?

'n Plaaslodge (country house) is 'n groot gastehuis wat gewoonlik in 'n natuurlike, rustige omgewing soos 'n woud of naby 'n rivier of meer geleë is. Plaaslodges is gewoonlik op die welgestelde mark gemik en behoort al die fasiliteite van 'n hotel te bied – daarom behoort hulle kos en drinkgoed, en ook aandete, te verskaf.

Is dit geskik?

As jy op soek is na luukse, ontspannende verblyf in 'n liefelike omgewing, hoef jy niks verder te soek nie. Omdat die terrein gewoonlik groot is en daar meestal sport- en ontspanningsfasiliteite is, is dit 'n gerieflike dog luukse opsie vir 'n gesin. Aangesien kos en drinkgoed beskikbaar is, is plaaslodges ook perfek vir 'n romantiese naweek of langer verblyf.

Wat vra jy?

Sommige badkamers het dalk die opsie van 'n bad en/of stort. Die kamer kan ook twee enkelbeddens of dubbelbed hê – maak dus seker as jy spesifieke voorkeure het. Daar behoort 'n kroegfasiliteit te wees, maar jy kan ook vra of die kamer 'n kroegyskas en 'n televisie het. Hoor ook watter ontspanningsfasiliteite daar is, dinge soos boot- en ander wateraktiwiteite, swem, staproetes en tennisbane. Sommige plaaslodges het selfs 'n spa-fasiliteit.

Lodges

Wat kan jy verwag?

By lodges gaan dit dikwels meer oor die ervaring en die spesifieke omgewing as oor die akkommodasie, en dis gewoonlik in of naby 'n natuurreservaat – daarom kan gaste ook op wildsritte of –staproete gaan. Die blyplek kan wissel van 'n plaasgevoel tot baie luukse (kyk

na die gradering - of vra), maar kos en drankies word gewoonlik verskaf. Saam met die en suite-badkamer kry jy al die luukshede wat jy in hotel kan verwag.

Is dit geskik?

Lodges het gewoonlik ‘n goeie ligging en is daarom ideaal vir natuur-en diereliefhebbers wat hou van luukses van die beskawing.

Wat vra jy?

Stel vas of wildsritte, maaltye en staptogte by die prys van die akkommodasie ingesluit is. Party lodges bied ook verskillende soorte badkamerfasiliteite soos ‘n spabad, buitenshuise stort of badkamer met uitsig. Hitte, muskiete en kruipende ongediertes is dikwels deel van die natuurervaring – maak dis seker of daar lugreëling, waaiers en muskietnette is. Vra ook uit oor ontspanningsfasiliteite soos perdry, swem en spa-geriewe. Televisie en satellietdienste is opsioneel in die soort akkommodasie – maak dus seker. As jy soontoe vlieg, moet jy vra watter vervoerreëlings daar is. Hoor ook of jy die lodge met ‘n motor of net met ‘n 4x4 kan bereik.

Selfsorgplekke

Wat kan jy verwag?

Selfsorg-akkommodasie kan aangebied word in enigeiets van ‘n woonstel tot ‘n kothuis, plaashuis of selfs ‘n huisboot. Die fasiliteite sluit gewoonlik kookgeriewe soos ‘n stoof of mikrogolf en ‘n yskas en eetgerei in. By goeie slefsorgplekke kan jy ook ‘n gereelde skoonmaakdiens, wasgeriewe (op die perseel of in die woonstel self) en ‘n televisie kry.

Is dit geskik?

As jy nie omgee om ‘n bietjie moue op te rol terwyl jy vakansie hou nie en soek na ‘n goedkoper blyplek, kan jy die ‘n uitstekende opsie wees – ook as jy ‘n groot gesin het. Selfsorgplekker kan baie goedkoper wees as die verblyftariewe per eenheid geld en nie per pesoon nie – so ‘n huis of chalet kan dikwels tot ses mense huisves en die koste kan dan gedeel word. Kinders is meestal dolgelukkig in die soort omgewing omdat dit ontspanne en privaat is, hoewel Ma haar maar dalk voos kan werk. Selfsorgverblyf werk goed vir lang gesinsvakansies of wanneer ‘n mens in ‘n groep vakansie hou.

Wat vra jy?

Stel vas watter fasiliteite by die selfsorgeenheid aangebied word – is daar ondermeer ‘n waaier, mikrogolfoond, verwarmer, deddegoed en komberse, kussings, braaihout en basiese toerusting, byvoorbeeld ‘n TV? Vra ook of daar ‘n bad of stort is en hoeveel beddens elke kamer het. Party selfsorgeenhede gee nie beddegoed nie, terwyl ander luuks is met lugreëling, satellite-TV, wasgoedgeriewe en ‘n restaurant op die perseel. Vra of daar ‘n winkel, wassery of braaifasiliteite is, asook of daar enige dienste in die woonstel of chalet gelewer word. En wat van ontspanning? Geld die tariewe per persoon of per eenheid per dag?

Hotel

Wat kan jy verwag?

Die basiese vereistes van ‘n hotel is om akkommodasie en kos te verskaf. Goeie algemene reel met hotels is om te kyk hoeveel sterre dit kry. Jy kan bv in ‘n eenster hotel net die basiese verwag, terwyl ‘n vyfster jou al die ekstras behoort te gee – dinge soos luukse toiletware, beddegoed en handdoeke, verhitte handdoekrelings, dabkamerjasse en pantoffels, satellite-TV en DVD-speler, ‘n minikroeg en ‘n 24-uur-kamerdiens. Hotels bied ook ‘n groot verskeidenheid dienste en fasiliteite, wat wissel van swembaddens tot verhitte swembaddens, asook jacuzzi’s,speletjieskamers, sportfasiliteite, babasorgdiens, vermaak en ‘n wassery- en portierdiens. In die algemeen bied ‘n hotel met meer sterre meer dienste as een met minder sterre en jy kan baie meer luukses en gehalte verwag.

Is dit geskik?

‘n Mens kry ‘n hotel vir byna elke voorkeur – van sakereise tot romantiese wegbreke. As jy so min as moontlik wil doen en die gladde diens van ‘n hotel wil geniet, is dit dalk net die regte opsie vir jou.

War vra jy?

Vra of die tariewe per kamer is of per persoon wat deel. Hoor ook of daar ‘n spesiale kinder- en buiteseisoentarief is. Vra of die kamer ‘n uitsig het en hoe dit die tarief beïnvloed. Vra ook vir ‘n kamer met ‘n dubbelbed of twee enkelbeddens, afhangende van wat jou behoeftes is. Vind uit of daar vervoer tussen hotel en lughawe is en ook of daar ‘n babasorgdiens, kamerdiens, wasgoeddiens, TV en satellite-TV, ‘n kriegyskas, persoonlike kluis en lugreëling is.

Deur: Florien de Winnaar.